testpapers.co.za

Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko

**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## SEPTEMBER 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**


| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. ‘eerste worp’ | Opstelvraag | 10 | 6 |
| | | | |
| 2. “Versagtende omstandighede” | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| | | | |
| 3. “’n brief van hulle vakansie” | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| | | | |
| 4. ‘besoekersboek’ | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **EN** | | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. “Ek het ’n huisie aan die Rand” | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag. *** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| | | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| | | | |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| | | | |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| | | | |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| | | | |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| | | | |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| | | | |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |


*** LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Gesiene gedigte) | 1ï 4 | 2 | |
| A:Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6ï 13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14ï 17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**eerste worp – TT Cloete**

ons het nie ou katedrale en kastele nie,
geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
die min wolke wat ons het, is yl versprei.
ons het nie groot metropole nie.
ons is sonder groot donkergroen woude.
dun is ons geskiedenis met min groot name

soos beethoven of dante
of rembrandt of bramante

ons het min onwerklike sagte drome

maar ons het uitgestrekte woestyne
en krom grys bome wat houtbeen vasskop
in die droë sand en koets teen die son

ons het baie droë lope
en oerrivierbeddings met ou inheemse name
soos gourits en storievertelname soos skrij
of kameelsleep en lijersdraai

en baie reste naby die eerste worp

by wêreldseinde in die suisende stil nag
hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Bron: *Uit die hoek van my oog*, 1998]

In hierdie gedig tref ons deurlopende kontras aan tussen dít wat ons in Suider-Afrika het en dít wat ons nie het nie.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde.

**[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Versagtende omstandighede – Peter Snyders**

Oe Here, ek hoor dis soe wonnerlik
        innie hiemel,
maa Here, vergiewe,
die hiemel issie my soort liewe,
ek hou van sing en harpmusiek
maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.

En Here, dit sal hel vi my wies
om met niks-doen myself elke dag te vervies;
en sover dit die goudstrate
        en pearly-gates betref,
wat baat dit?
Klip en teer is veels meer werd.

Maa Here, hou my baas asseblief tog daa
want waa hy nie kan exploit nie
is hy tog te naar;
en hou hom dop want sonner om te aarsel
sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.

Ja, Here, ekket my foutjies oek
en waar amil perfek is
sal ek heeldag vloek,
want volle perfection en contentment
sal my torture tot binne-in my fonnement.

En dan boenop hoor ek
seks is yt ï
soe stuur my aire hel toe
of waar ek my talent kan gebryk.
En as ek te goed is
om gebraai te word
laat my lieweste trug kom, Lord

            as kunstenaar na ôn land
in ôn historiese tyd ï
soes Suid-Afrika,
waar ek kan teer
op ôn tesamebeleid.

En tussen die revolutions
(hou my aanie underdog se kant)
sorg dat ek by Florrie
(vroeër mevrou Soetwater)
voorit te laat is, beland.

Laat my dan liewer hier
oppie aarde ly
as om vir iewag in u
grafstienhiemel te bly.

[Bron: *'n Waarskynlike mens*, 1992]

2.1 Herlees die titel van die gedig.

Wat beteken die titel van die gedig en waarom is hierdie woorde ironies as die inhoud van die gedig in ag geneem word? (2)

2.2 Wie is die spreker in hierdie gedig? Waarom is dié spreker geloofwaardig? (2)

2.3 Herlees versreël 19ï 20.

Watter stylfiguur kom in hierdie versreëls voor? Bespreek die dubbelsinnige betekenis van die woord ñvloekò in versreël 20. (3)

2.4 Na watter tydperk verwys ñhistoriese tydò in versreël 31? (1)

2.5. Herlees versreël 42ï 43.

Benoem die beeldspraak. Dink jy die gebruik van dié beeld is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach**

*vir oubaas:*

Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê;

noudat ek agter ôn baard kou kan ek huil
as hulle snags my naam fluister met die ruite
donker knippende oë in die wind, oor die visolie
vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak

In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in ôn kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

13 want hys ôn bokser dokter boer
14 ôn kaptein en ôn held ôn indoena tussen grysaards ï
15 En as die reën soos ôn gesluierde bruid oor die see kom
16 word die lieflinghond (Trixie) lam;

17 drie dae veg die veearts en buig dan die knie
18 en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier
19 die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
20 ôn soenoffer in die diep grond se skoot

21 want nou is hulle minnaars
22 stil bome in die najaar met die wind
23 strelende drome in die takke
24 onder komete leeftye lang wêrelde

25 My ooms sterf soos kapok in die son
26 hartaanval beroerte kanker en tering
27 en my pa word stiller en meer verskriklik
28 van dop tot dop

29 Hier waar die harde winters en nat somers
30 my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
31 die soet hart van my moeder
32 my pa se stil en bitter krag

[Bron: *die ysterkoei moet sweet*, 1964]

3.1 By watter woord in strofe 2 sluit die woord ñtreurò (versreël 1) aan? Bespreek die progressie wat tussen ñtreurò (versreël 1) en jou antwoord waargeneem kan word. (2)

3.2 Herlees versreël 9.

Benoem die halfrym wat in hierdie versreël voorkom. Gee die denotatiewe en konnotatiewe betekenis waarna die woord ñStilbaaiò kan verwys. (3)

3.3 Herlees versreël 15ï 16.

Benoem die beeldspraak in versreël 15 en verduidelik waarom hierdie beeld ironies is as versreël 16 betrek word. (2)

3.4. Benoem die stylfiguur wat in versreël 31 voorkom. (1)

3.5. Watter stemming kom in hierdie gedig voor? Dink jy dat hierdie stemming gepas is as jy die inhoud van die gedig in ag neem? (2)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**besoekersboek – Fanie Olivier**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

wie was dié peter? waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na hiërogliewe. ŉ boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
vóór in die gideons se bybel is ŉ lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

ŉ kind hoes seer; ŉ lam huil stomgeslaan. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap

[Bron: *Skimmellig*, 1978]

4.1 Herlees versreël 1–4.

4.1.1 Hoe verander die spreker die betekenis van versreëls 1 en 2 wanneer hy/sy die woord "uitgekrap" met "íngekrap" vervang? Op watter wyses word die woord "íngekrap" uitgehef? (3)

4.1.2 Met die titel in gedagte, wat het die "sel", "duikweë", "stasies" en "brûe" in hierdie gedig in gemeen? Wat is dan die "besoekersboek" wat elke keer op hierdie plekke geteken word? (2)

4.2 Wat is die funksie van die retoriese vrae in versreël 5–8? (1)

4.3 Reis is ŉ deurlopende idee in die gedig. Haal ŉ voorbeeld van ŉ werklike reis in versreëls 9–10 aan. Na watter figuurlike reis word in versreëls 13–14 verwys? (2)

4.4 In versreël 13 is daar sprake van ŉ kind. ŉ Kind is gewoonlik simbolies van die toekoms.

Waarom is dié simboliek ironies? Dink jy die ironie wat in hierdie versreël voorkom, is geslaagd as ons dit met die tema van die gedig vergelyk? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Ek het ’n huisie aan die Rand – Pirow Bekker**

Ek het ’n huisie aan die Rand. Dis nag.
Ek het my huisie tweemanhoog ommuur;
’n draad gespan; ’n kopbeen sê: Bly weg!
Dit is ’n fort waar ek my saans verskans.

Daarbuite hoor ek mense hardloop, skote knal,
deure klap, rubberbande snerp op teer.
Dan stilte. Daarbuite hoor ek ruite val
(of is dit binne waar diefwering makeer?).

Ek het ’n huisie aan die Rand. Dis nag.
My huis, my paradys, bly lekker onversteur.
Kyk hoe blink die koppe aan my draad:
tot hier dring niemand, maar niemand deur.

Ek het ’n huisie aan die Rand. Dis nag.
Die alarm by die Trellidor hou knipoog wag.

[Bron: *Stiller lewe*, 2002]

5.1 Hierdie gedig is ’n Engelse sonnet.

Gee TWEE bewyse vir hierdie stelling deur na die uiterlike bou te verwys. (2)

5.2 Herlees versreël 1.

Wat is die denotatiewe betekenis en die konnotatiewe betekenis van ‘nag’. Hoekom, volgens jou, is die woord ‘nag’, in konteks van die gedig, so ’n effektiewe woordkeuse? (3)

5.3 Benoem die beeldspraak wat in versreël 3 aangetref word. (1)

5.4 Herlees versreël 12.

Benoem die stylfiguur wat hier voorkom. Verduidelik die funksie daarvan. (2)

5.5 Skryf die boodskap van hierdie gedig neer. Dink jy dis gepas dat daar gedigte geskryf word wat hierdie boodskap oordra? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Die newekarakters ï die Engel, Peter en Billy ï speel ôn belangrike rol in Iris se lewe en ondersteun haar met die besef dat die lewe uit meer as een blomtyd bestaan.

Bespreek hierdie stelling in ôn opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

ñTja,òhet die tannie gesug. ñôn Mens kan deesdae maar net bid dat daar nog beskermengele oor is om na ons kinders te kyk.ò

ñEk het een,òhet ek gesê. As ons mekaar moes leer ken, wat die idee van die naweek was, moes ons seker al die karakters aan mekaar voorstel.

ñôn Wat?òhet die oom gevra.

ñôn Beskermengel. Ek het hom van my ouma geërf.ò

ñHom?òhet die tannie gevra. ñEk dag engele is vroue.ò

ñNee, myne is ôn man.ò

Die oom het my nadenkend aangekyk om te sien of ek die gek skeer. My ernstige gesig moes hom oortuig het. ñWeet Piet daarvan?òhet hy gevra.

ñJa, oom. Hy gee nie om nie.òPeter het nie sterk gevoelens oor die Engel gehad nie. Omdat hy hom nooit in aksie gesien het nie, het hy nie regtig geglo dat hy bestaan nie, maar hy was bereid om toegewings te maak.

ñKan jy hom sien?òhet die tannie verwonderd gevra.

ñO ja.ò

Sy het stadig deur die kombuis gekyk, verby die wit geverfde kombuiskaste, die stel blou en wit gekraakte porseleinflesse met aanwysings daarop soos ñTheeòen ñRijsò, die outydse beskuittrommel waarvoor Elsa haar agtertande sou gee, die plafon met sy vlieëgompapier en terug na my. ñIs hy nou hier?ò

Ek het ook om my gekyk, maar meer spesifiek na die venster. ñNee.ò

Die oom het vinnig opgestaan. ñKwit,òhet hy gesê. ñDie kind sien gesigte ...ò

7.1 Iris sê dat sy die Engel van haar ouma geërf het.

Hoe het die Engel, volgens hom, in Iris se lewe gekom? (1)

7.2 Iris maak die bestaan van die Engel aan Peter se ouers en Bettie bekend.

Waarom maak Iris dit aan hierdie karakters bekend en wat was Bettie se reaksie op hierdie bekendmaking? (3)

7.3 Hoe het die Engel die tannie se seining van engele in reëls 1ï 2 verkeerd bewys? (1)

7.4 Watter gevaar het Iris se spesiale gawes, volgens die oom, vir sy duiwe ingehou? Gee ôn voorbeeld uit die roman waar hy haar hulp inroep om haar spesiale gawes in te span. (2)

7.5 Herlees reëls 16ï 19.

Watter eienskappe van Elsa maak dat sy ñhaar agtertande sou geeò om so ôn beskuitblik te hê? (1)

7.6 Het die oom se toegewings ten opsigte van die Engel sy duiweboerdery beïnvloed? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS B**

ñEk is nie verantwoordelik vir jou en jou mense nie,òhet hy kalm gesê. ñEk gaan dit ook nie weer vir jou sê nie. Jy sien jouself as ôn kind wat leer loop en my as die ma wat met haar arms beskermend weerskante van die kleuter saamloop om te keer dat hy nie val nie. Ek is nie ôn loopring nie. Ek maak nie reg waar jy verbrou het nie. Ek skakel nie stowe of sweisapparate af nie. As jy môre op die dak loop en gly en afval, sal ek jou nie vang nie. Om op die dak te loop, is jou keuse. Peter se werk is sy keuse.ò

Ek het my op ons bed neergewerp en gehuil, nie net van skok nie, maar ook omdat ek beskaamd was oor my uitbarsting.

ñGaan terug hospitaal toe en gaan sit by Peter. Hou sy hand vas in plaas van om so liederlik jammer vir jouself te voel.ò

ñEk is jammer vir hom,òhet ek myself verdedig, maar opgestaan en my hare gekam.

ñEn ry versigtig,òhet hy gemaan voor ek loop. Hy het geglimlag.

ñVergewe my,òhet ek gesê. ñEk was ontsteld. As ek net kon seker wees sy oë sal weer aangroei. Of wat ook al nodig is.ò

ñDie lewende sel is ôn besondere organisme. Dit het die vermoë om homself te regenereer.ò

ñDink jy so?òhet ek gevra, meteens weer vol moed.

ñEk weet dit.ò

ñJyôs ôn engel,òhet ek gesê en vir hom gewaai.

7.7 In TEKS B tree die Engel as raadgewer op.

Noem nog voorbeelde in die roman waar hy vir Iris raad gee. (2)

7.8 Gee voorbeelde waar Johanna, Peter en Billy as engele in Iris se lewe optree. (3)

7.9 Die Engel se optrede stem ooreen met sy woorde in reëls 5ï 7, maar dit gebeur ook dikwels in die roman dat sy optrede sy woorde weerspreek.

Motiveer hierdie stelling met voorbeelde uit die roman. (2)

7.10 Herlees reëls 17ï 18.

Watter troos het Johanna aan Iris gebied oor Peter se oë? Hoe realiseer die Engel se woorde hier in Peter se lewe? (2)

7.11 Herlees reëls 1ï 2 (TEKS A) en reëls 1ï 7 (TEKS B).

Hoe verskil die tannie se siening oor die rol van ôn beskermengel in mense se lewens van dié van Iris sôn oor haar Engel? Waar het die Engel vir Iris self as beskermengel gefaal en wat gee die Engel as rede vir sy onbetrokkenheid? (4)

7.12 ñJyôs ôn Engelò, sê Iris in reël 21.

Sou Iris se karakter ontwikkel het indien die Engel nie in die roman voorgekom het nie? Motiveer jou antwoord. (3)
**[25]**

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Die karakters ï Ouma Essie, Grace en Nanna ï speel ôn belangrike rol in Baas se lewe en ondersteun hom in die besef dat hy ander mense en sy geloof nodig het indien hy op Manaka wil bly.

Bespreek hierdie stelling in ôn opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

ñHoe opwindend,ò sê Nanna du Pisani vir haar man toe die sendelinge van Fumi, indoena Daaimon se gehuggie, af wegry.

Oom Scholtzie ry met die Dyna, die tweetonpaklorrie met sy dubbele agterwiele, voor hulle uit.

ñDink jy nie ook so nie, muluti Krieseltjie?ò Haar glimlag wys ŉ tergerige kuiltjie in haar wang. ñDit was net jammer van die stank. Hoe kan enige mens met die reuk van daardie bokke saamleef? Veral die ou grote met die baard en die verskriklike sak?ò

ñMoenie banaal wees nie!ò Griesel se hande gaan oop en toe oor die Datsun 1200-bakkie se stuurwiel. Deur elke knik stamp sy kop teen die dak. Agter op die bakkie val hulle tasse en ander besittings onder die kappie rond.

ñEn nou vir die opwinding om in ons nuwe huis in te trek. Ek kan nie wag nie! En jy, muluti?ò Sy haal die skets van die geboue by Manaka Evangelical Mission wat oom Scholtzie in Grootfontein vir hulle geteken het uit die paneelkissie. ñHierdie drie vertrekke wat die kantoor, die woonkamer en die slaapkamer was, is mos groot genoeg om in te woon tot ons aangebou het. Dis net jammer van die sinkdak. Ons moet ŉ grasdak gehad het! Dis mos Afrika. Ek sal dit vir ons baie gesellig maak. Jy sal sien.ò

Griesel swenk wild uit vir iemand wat armswaaiend uit die bosse gestorm kom. Die bakkie tref ŉ slaggat en skuur met ŉ geknars teen ŉ wal tot stilstand.

Nanna val skuins oor die rathefboom.

9.1 Herlees reëls 1ï 2.

9.1.1 Wat beteken ñFumiò? (1)

9.1.2 Wat was oom Scholtzie se rol tydens die vergadering by Fumi? (1)

9.2 Verduidelik hoe Griesel se kleredrag en sy optrede tydens hierdie vergadering bewys dat hy nie in Barotseland tuis voel nie. (2)

9.3 In reël 5 noem Nanna haar man ñmuluti Krieseltjieò. Hoekom is hierdie naam ironies as ons die einde van die roman in aanmerking neem? (2)

9.4 Herlees reël 9.

By watter ander geleenthede het Griesel ook vir Nanna berispe? (2)

9.5 Herlees reëls 12ï 14.

Watter karaktereienskap van Nanna kom in hierdie reëls na vore? Noem ŉ handeling van Nanna uit die roman wat vir die leser aandui dat sy tuis voel by die plaaslike bevolking en haal haar woorde uit Teks C aan wat hierby aansluit. (3)

9.6 Wie is die persoon wat uit die bos gestorm kom en wat het Nanna van sý vrou ontvang? (2)

**EN**

## TEKS D

Toe Baas by sy slaaphut ingaan, stuit sy oupagrootjie se oë hom. Iemand het die toutjie ingeryg en die portret weer teen die muur gehang. Hy gaan behoedsaam nader en soek tussen die hoekige lyne van die gesig en in die helder oë na iets wat hy dalk deur al die jare misgekyk het. Daar is niks nuuts nie.

Hy wig die vyfrandmunt wat Riekert vir ouma Essie gestuur het voor sy oupagrootjie se bors tussen die glas en die raam in. "Jy wen, Baas Dennis," sê hy.

Onder die Land Rover word Baas weer naar. Sy balans is nog aangetas. In die hoofpad ratel 'n groot voertuig tussen die klipkoppe tot stilstand. Iemand kom van die kerk se kant af in die Manaka-pad langs gestap. Hy struikel oor 'n klip. Dit is die lang man met die blou oorpak. Hy hurk by die Land Rover, sy hand op die agterwiel.

"Howzit?" Whitey loer onder die bakkie in.

"Aan die gang," sê Baas. Hy lê op sy sy.

"Ek het gedink ek sal maar daar bo stilhou, hier is dalk nie draaiplek by jou kamp nie. Die mense in Ngweze het 'n boodskap gestuur. Hulle sê hulle kry nie die onderdele vir jou boot nie."

"Ek het dit nie meer nodig nie. Maar dankie."

Baas rol onder die voertuig uit en gaan sit met opgetrekte bene langs die voorwiel.

Grace bring koffie. Oor haar skouer hang die geel oliebaadjie waarin die patrone en die hondekos toegedraai was ...

9.7 Wie is die "iemand" wat die portret weer teen die muur gehang het (reëls 1ï 2)? Hoekom was die portret vir ón tyd lank nie meer teen die muur nie? (2)

9.8 Herlees reëls 6ï 8.

Hoekom het Riekert vir ouma Essie die vyfrandmunt gestuur en waarom is dit ironies dat hy net vyf rand gestuur het? (3)

9.9 Herlees reëls 10ï 13.

Wie is die ñiemandòwat aangestap kom? Watter verwantskap is daar tussen Baas en hierdie persoon en hoe het die ñiemandògehelp om Baas se toekoms op Manaka te verseker? (3)

9.10 Volgens die onderstreepte woorde in TEKS D gaan Baas weg.

Noem TWEE optredes van Baas wat bewys dat hy, net soos sy oupagrootjie, tog op Manaka gaan bly? Wie het, na jou mening, die grootste invloed op Baas se besluit om te bly? Motiveer jou keuse. (4)

**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

In die roman *Vatmaar* speel Ta Vuurmaak en oom Chai 'n belangrike rol in die lewens van die inwoners van die nedersetting, Vatmaar.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Ja, my Baas.

En jy, dief, wat is jou naam?

Yvonne Müller, sê Tant Wonnie. Sy het haar hande gewys en gesê: Ek het nog nooit 'n ring aan my vingers gehad nie, Mineer, nie vandat ek myself ken nie.

En jy is van Vatmaar? vra hy sonder om enige notisie te vat van wat Tant Wonnie sê.

Ja, Mineer.

Tant Wonnie draai na die ander mense wat nader gestaan het om seker te maak dat hulle niks mis nie.

Ek het 'n man gehad vir wie ek ag kinders in die wêreld gebring het. Hy het my nooit 'n ring gegee om aan my vinger te sit nie, sê sy en laat haar hande sien. Daar wás 'n ring, maar dit was om onse harte, ons kon dit nooit verloor nie, nie eers in die dood nie. My vingers is gemaak vir werk.

Toe, is agterna vertel, het daar 'n traan uit haar linkeroog gekom, die een waarmee sy nie kon sien nie omdat die perdeby haar jare terug daar gesteek het.

Hulle het doodstil na haar staan en kyk, dié mense vir wie sy gehelp en gewerk het vir wat hulle haar ook al wou gee en vir wie sy nooit gesê het dis nie genoeg nie. Party het aspris misbruik gemaak van haar goeie geaardheid en net gesê: Kom môre. Tant Wonnie het nooit die volgende dag teruggegaan vir die betaling nie en net vir haar dogters gesê: Ons is nie betelaars nie. Sy was van 'n hoër statuur as hulle en het aardse armoede geken.

11.1 Herlees reël 2.

Waarom kan Oom Flip en Bennie O'Grady ook as diewe gesien word? (2)

11.2 Waar is die fiktiewe nedersettinkie, Vatmaar, geleë? (1)

11.3. Hoekom word Tant Wonnie as 'n dief in reël 2 beskou? Hoekom praat hierdie persoon so met Tant Wonnie? (2)

11.4 Watter funksie verrig die verteller in TEKS E? (1)

11.5 Hoe word die wit man in reëls 5ï 6 en die Müller-vroue in die roman gestereotipeer? (2)

11.6 Herlees reëls 10ï 13.

Watter belangrike lewenswaardes word hier aangevoer? Dink jy hierdie waardes is vandag nog in ons samelewing aanwesig? Motiveer jou antwoord. (3)

11.7 Wat is die stemming in reëls 16ï 18? (1)

11.8 Watter karaktereienskappe van Tant Wonnie kom in reëls 19ï 21 na vore? Waarom is die inwoners van Vatmaar se optrede teenoor Tant Wonnie onregverdig? (3)

**EN**

**TEKS F**

Wat het die sersant gesê toe jy hom die diamant gee?

Baas, hy het gesê hy het al gehoor dat ôn mens hulle in die strate kan optel, maar hy het dit nooit geglo nie en dat ek die grootste aap is wat hy nog ooit teëgekom het. Hy het gevra wat my naam is en ek het gesê Hendruk Jannewarie. Toe sê hy die aanklag is handel in ongeslypte diamante sonder lisensie en besit van ôn ongeslypte diamant. Die sersant het toe geroep: Konstabel! en ôn swart poeliesman het gekom en die sersant het vir hom gesê om my deur te soek en toe te sluit.

Toe maak die magistraat keel skoon en vra: What has the accused to say before sentence is passed?

Terwyl hy die Bybel ôn laaste kyk uit die hoek van sy oog gee, het Oom Hendruk gedink: Noulat ek die waarheid vertel het, sal die waarheid my vrymaak.

Hy het ôn rukkie nagedink en toe sê hy: Ek het nie die klip gesteel nie, ek het hom opgetel. Dit het aan die aarde behoort. Net soos kos uit die aarde uitgehaal en vir geld verkoop kan word, so behoort blink klippies ook verkoop te kan word. Die verskil lê by die mense.

Die hofsaal was volgepak met bruinmense, sy mense. ôn Hele paar het gemompel: Dit is waar.

Stilte! skree die poeliesman.

Na ôn rukkie sê die magistraat: Ignorance of the law is no excuse, eight years hard labour. Take him away.

11.9 Motiveer waarom dit korrek is om te sê dat die handeling van die geregsdienaars in TEKS E en TEKS F ooreenstem. (1)

11.10 Watter algehele mening heers in Vatmaar oor mense wat Engels praat (reëls 9ï 10)? Is hierdie mening geregverdig binne die konteks van die roman? Motiveer jou antwoord. (2)

11.11 Gee TWEE redes waarom die verwysing na die Bybel in reël 11 ten opsigte van die predikant ironies is? Waarin is die ironie van Hendruk se gedagtes (woorde) in reëls 11ï 12 geleë as jy die verdere gebeure van die roman in aanmerking neem? (3)

11.12 Herlees reëls 13ï 21.

Gee TWEE redes waarom hierdie gedeelte by die romantitel aansluit. Dink jy Hendruk se optrede sê iets oor die eietydse probleme in Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord. (4)
**[25]**

## ***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Greg se pa, sy broer John en Eckardt het 'n groot invloed en speel 'n belangrike rol in Greg se lewe en veral in sy insig dat die lewe nie so eenvoudig is as wat hy in Januarie van sy matriekjaar gedink het nie.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS G**

Met die loper in my hand stap ek na Eckardt se kamer. Sluit dit oop, glip vinnig in, druk die deur toe en wag in die donker é Luister of iemand my gevolg het. Dis stil buite in die gang. Toe eers sit ek die kamerlig aan. Dit is die plek waar ek Ekk-o se onderwêreld leer ken het.

Die kamer lyk nog net soos ek dit laas gesien het. So die polisie het nog niks kom vat nie. Daardie ou van die uniformtak het mos gesê hulle los dit vir die speurders. En húlle was nog nie hier nie.

Dit voel of iets my vasdruk. Dwing om te é wat? 'n Beeld van John se bleek hand, opgekrulde vingers flits deur my geheue.

Ek voel skielik naar. Dis die onbekende wat dit doen, weet ek. Die onbeantwoorde vrae. Soos die goed wat weggesteek word tussen HTML tags wat die websurfer nie veronderstel is om te sien op die web page nie.

Ek gaan sit op die stoel voor die lessenaar. My kop draai.

> Môre kom die Sondagkoerante uit. Dan sal ek sien wat daardie joernalis wat ek laat kom het, geskryf het. Wat sy alles uit die skool kon kry.
>
> Ek voel beter, my oë kan weer fokus. Teen die muur hang die notabord wat ek daardie aand per ongeluk afgestamp het. Maar iets is anders aan die bord é die flentertjies papier, skoolrooster, studieprogram é Iets is weg. Iets is uit plek. Soek.

13.1 Wat is die verband tussen die verhaaltitel, *Onderwêreld*, en Eckardt se kamer? (1)

13.2 Waarom is Eckardt se kamer gesluit en moet Greg ón loper gebruik om in te kom? (2)

13.3 Wat is die rede vir die verwysing na John in reëls 8ï 9? (1)

13.4 Herlees reël 10.

Noem enige TWEE onbeantwoorde vrae wat Greg skielik naar laat voel het. (2)

13.5 Greg se optrede om die joernalis te laat kom, is ón bewys dat hy teen Dok Pienaar rebelleer.

Op watter manier kontak Greg die joernalis? Waarom stel die verskyning van die Sondagkoerant vir Greg teleur? Wie ry Greg se planne met die joernalis in die wiele en hoe het die persoon dit reggekry? (4)

13.6 Om die joernalis te laat kom, wys dat Greg opstandig is.

Gee nog EEN voorbeeld uit die verhaal om Greg se opstandigheid te bevestig. Dink jy Greg se opstandige optrede pas by sy hoofseunskap? Motiveer jou antwoord deur na die roman te verwys. Gee ook enige positiewe karaktereienskap van Greg. (3)

13.7 ñIets is weg. Iets is uit plek.ò(reëls 18ï 19).

Wat is daardie ñietsò? (1)

**EN**

**TEKS H**

ñMaar hoekom ek?òbars dit uit my uit. ñHoekom nie iemand soos Kwanele, TJ of Plank of é ò
ñWant, Greg, hulle het niks met die virus of die vaksine of die tonne geld wat daarmee gemaak kan word, uit te waai nie. En jy het!ò

ñEk het nie! Wat bedoel jy?ò

Eckardt bly ôn ruk stil. Die uitdrukking op sy gesig is dié van ôn skaakspeler wat sy opponent enige oomblik in skaakmat gaan sit. ñJy weet nou dat Dok Pienaar die Butcher is, Greg. Hy was die ou wat die plan gemaak het vir die virus-scam. Die Baker sal jy nie ken nie. Hy is ôn doktor in Virologie. Dis hy wat die Butcher se plan uitgevoer het en die virus en die vaksine ontwikkel het. Maar die Candlestick-maker, Greg, vir hom ken jy goed é òWeer stilte. ñJy sien, Greg, om ôn virus te maak en vir jouself te hou is soos om ôn winkel in ôn donker straat oop te maak. Niemand sal daarvan weet as daar nie ôn lig in die straat opgesit word nie. Nie totdat jy die boodskap uitkry by die mense nie é totdat jy die media begin gebruik nieé ò
Vir ôn oomblik lank hou ek op met asemhaal.

Dis hoe vrees voel: Vuur blits deur jou lyf, elke senuwee ruk wakker, adrenalien gooi jou gedagtes in snelrat, jou oë sper oop, jou asemhaling hou op en jou borsholte pers saam. En jy hoor dit ï jou eie hart. Klop. Klop. Klop.

ñSien jy nou hoekom dit juis jý moes wees, Greg?ò

13.8 Wie is die Candlestick-maker en watter aandeel het hy in die Butcher se plan gehad? Gee ook die rede waarom hy betrokke geraak het in hierdie plan. (3)

13.9 Die beskrywing van Eckardt as skaakspeler in reëls 6ï 7 is betekenisvol. Bespreek die funksionaliteit van hierdie vergelyking. (2)

13.10 Eckardt word in reëls 6ï 12 twee keer stil. Is hierdie stiltes doelbewus? Gee TWEE moontlike redes vir jou antwoord. (2)

13.11 Watter ooreenkoms is daar tussen Greg se gemoedstoestand in reëls 8ï 9 (TEKS G) en in reël 16 (TEKS H)? Het jy begrip vir Greg se gevoelens? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

13.12 Die slot van dié jeugroman hou die moontlikheid in dat Greg en sy pa se verhouding kan verbeter. Motiveer hierdie stelling. (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### ***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Een van die redes waarom 'n dramaturg 'n drama skryf, is om sekere problematiese kwessies in die samelewing onder die leser/gehoor se aandag te bring. Vasgevangendheid is só 'n kwessie in die drama *Krismis van Map Jacobs*.

Bespreek hierdie stelling in 400 tot 450 woorde deur te verwys na die vasgevangendheid wat Map Jacobs en Cavernelis in hierdie drama ervaar. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS I**

*Geluide*

MAP: 's in die kombuis, die skottelgoed. Dis net om die hoek, in die gang af ...

*Stilte.*

MAP: Ek sweer alles sal nou regkom, Ma ... Hulle moet my net 'n kans gee, daar buitekant ... Die social worker, miss Africa, sy't moet my gepraat, sy meen hulle sál vir my 'n kans gee. Ek moet 'n werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, 't maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ... Ma ... Sê tog vir Blanchie wat ek sê ...

*Sy knik. Stilte.*

MAP: Ma lyk goed. Hoe gaan 't moet Oompie Paulsen-hulle? Die band practise seker al vir Krismis. Ek onthou ... <u>Dis regte mense daai</u>, Oompie Paulsen-hulle. Oompie Paulsen en Kaffie'tjie Arries, en Boytjie Louw, ek onthou al hulle name even! Sê vir hulle sewe jaar is 'n lang tyd, maar 's oek 'n kort tyd, ek onthou al hulle name even ... en Danny Delcarme, en Bêrend Oliphant, en Freddy, wat is sy van nou weer ... en Tommy Sobotker, Tommy moet sy goetertjies! ... Kan Ma gló, ek kom ýt, op die sewende ... O ja, Freddy la Vita ...

*Sy knik.*

MAP: Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, maar sê vir hom ek het ge-veranner, Ma ... Hy hoef nie meer te worry oor my moet Blanchie nie ... Sewe jare.

15.1 Herlees reëls 1ï 3.

Hoe help die toneelaanwysing die leser om reëls 2ï 3 te verstaan? (1)

15.2 Teen watter agtergrond vind hierdie gesprek tussen Map en sy ma plaas? (1)

15.3 Het Map die kans gekry waarna hy in reël 5 verwys? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die drama. (2)

15.4 Herlees reëls 10ï 12.

Verklaar die gebruik van die ellips. Waarom is dit korrek om te sê Ma se knik en stilswye verkry NJdieper simboliese waarde? Hoe word die stilte eindelik opgehef? (3)

15.5 Verklaar die ironie in die onderstreepte woorde in reël 14. (1)

15.6 Die getal sewe (reëls 16 en 24) is funksioneel en simbolies in hierdie drama.

Wat is die implikasie vir die res van die gemeenskap dat Map juis na sewe jaar vrygelaat word? Wie het Map die meeste in sy bekering bygestaan? Verduidelik hoekom Map in reëls 10ï 11 seker wil maak Blanchie weet hy het verander. (3)

15.7 Hoekom het Cavernelis (reël 22) nie van Map gehou nie? Sê wat Cavernelis se lewensdoel was en motiveer of Cavernelis die vryheid gekry het waarna hy so gesmag het. (3)

**EN**

**TEKS J**

*Bo by die woonstelvenster verskyn Blanchie se gesig weer, om te sien wat haar pa ophou. Sy roep dan.*

| | |
|---|---|
| BLANCHIE: | Daddy! Daddy! |
| LA GUMA: | En ek hoor Map Jacobs is oek kamma gebekeer! |
| CAVERNELIS | Ek kom, Blanchie ...! Okay, goodnight, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | *(is nog nie klaar gepraat nie. Cavernelis huiwer weer):* Weet jy hoekom hulle vir hom Map ge-call het? You know why? |
| CAVERNELIS: | *(ŉ bietjie meer ferm):* Maar ... ek stel nie belang nie, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | Omlat hy ge-tattoo is oor sy hele lyf. *(Hy wys.)* That beautiful body, hoekô moet hy dit nou so gaan opmess! Allerhande merke, like, to identify himself! Daaiǿs wat NJ mens doen as jy desperate is, in NJplek soes dié. (*Hy wys weer na die geboue.)* In dié ... wasteland ... ǿs dieselfde ding, man, soes wat die mense hierso hulle grys hyse paint, die een bright red ennie anner een bright blue, en die een paint NJeagle op sy deur, en die anner een vir Superman, anôso on. Verstaan jy, mister Cavernelis! ǿs soes tattoos, man, dieselfde ... You search for something, man. |

| | |
|---|---|
| | As jy 'n regte mens is, dan wil jy wiet waar jy aan is en waar jy af is, waar jy stáán. Understand? Jy moet tog iewers belong, belong! Somewhere moet jy darem iets kan identify moet jouselwers ... en jouselwers same moet iets! |
| CAVERNELIS: | Wel ... |
| BLANCHIE: | Daddy ... y ... y!! |
| CAVERNELIS: | *(neem sy fiets):* Good night, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | Maar wat gebeur? Group areas! The District Sixes, the Claremonts, the Simonstowns! |

15.8 Verduidelik die funksie van die toneelaanwysings in reëls 1–2. (1)

15.9 Is La Guma se ongeloof en sinisme oor Map in reël 4 geregverdig? Watter rol vervul La Guma met opmerkings soos dié in die drama? (2)

15.10 Watter karaktertrek van Cavernelis kom in reëls 8–9 na vore? Hoe is die Cavernelis wat ons hier sien, anders as die Cavernelis wat ons vroeër in die drama sien? (2)

15.11 Herlees reëls 10–23.

Watter TWEE temas kom in hierdie reëls duidelik na vore? Hoe sluit die tatoeëermerke by Map se naam aan? Dink jy Map sal eendag weer werklik soos Johnnie Jacobs voel? Motiveer jou antwoord. (4)

15.12 Waarna verwys "Group areas" in reël 27 en sê hoe die stemming wat deur La Guma geskep word, verskil van die stemming wat in TEKS I heers. (2)
**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Een van die redes waarom 'n dramaturg 'n drama skryf, is om sekere problematiese kwessies in die samelewing onder die leser/gehoor se aandag te bring. Vasgevangendheid is só 'n kwessie in die drama *Mis*.

Bespreek hierdie stelling in 400 tot 450 woorde deur te verwys na die vasgevangendheid wat Miem en Meisie in hierdie drama ervaar. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAE**

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Waar is u nou, Juffrou? |
| MEISIE: | *(besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster, Ek kyk na die groot tent en al die liggies! |
| KONSTABEL: | Die sirkus. |
| MEISIE: | Ja. (*Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange)* Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief. |
| KONSTABEL: | Ek sal nie. |
| MEISIE: | Belowe. Belowe eers. |
| KONSTABEL: | Ek belowe. |
| MEISIE: | (*duidelik verlig)* En ek sal nie weer kyk nie. Regtig nie. |
| KONSTABEL: | Ek gee nie om nie. Ek hou ook van die sirkus. |
| MEISIE: | (*opgewonde)* Het u dit al gesien? *(Skielik skaam)* Ek ... is jammer. |
| KONSTABEL: | (*lag)* Nee. Maar ek sou wat wou gee. En jy ... Margareta? Het jy? |
| MEISIE: | Ja. *(Bang)* Maar ek mag nie daarvan praat nie. |
| KONSTABEL: | (*sag)* Maar jy het dit gesien? |
| MEISIE: | (*sag en vinnig)* Ja. |
| KONSTABEL: | Vertel vir my. |
| MEISIE: | Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen. |
| KONSTABEL: | *(byna verleidelik)* Maar jy kan tog vir my sê. Net een keer. Ek is 'n vreemdeling. En blind. |
| MEISIE: | *(onseker)* Ek weet nie ... |
| KONSTABEL: | *(fluister)* Niemand sal ooit weet nie. |
| MEISIE: | Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet. |

17.1 Wat het daartoe aanleiding gegee dat Meisie en die konstabel alleen is? Stem hierdie gebeure ooreen met Miem se karakter? Motiveer jou antwoord. (2)

17.2 Herlees reël 12.

Identifiseer die ‘dit’ waarna Meisie in dié vraag verwys. (1)

17.3 Herlees reëls 2–23.

Die neweteks in dié reëls karakteriseer Meisie. Motiveer die stelling deur na TWEE karaktereienskappe van Meisie wat uit dié reëls blyk, te verwys. Watter karaktereienskap van Meisie uit dié reëls sal Konstabel moontlik kon uitbuit om haar te manipuleer? Motiveer jou antwoord. (3)

17.4 Die sirkusverhaal wat Meisie in reël 25 wil vertel, betrek die hooftema in die drama. Wat is dié hooftema? Hoe sluit die sirkusverhaal by die tema aan? Watter TWEE aanduiding in die sirkusverhaal is 'n vooruitskouing van Meisie se lot in die slot van die drama? (4)

17.5 Watter innerlike konflik ervaar Meisie in die uittreksel? (2)

**EN**

**TEKS L**

KONSTABEL: My ma en pa hou elk ôn skerf gerookte glas vas. My ma kyk na my. Haar hare waai oor haar gesig. Net een oog steek uit. óGaan kombuis toe en kry vir jou ook glas,ô sê sy met haar mond vol hare. Ek gaan kombuis toe. Ek dink miskien help die glas vir die wind. In die kombuis kook tant Hannie moerbeikonfyt. Haar vingers is rooi van die moerbeie. Sy suig haar voorvinger en vee die ander aan ôn wit doek af. Sy gee vir my ôn lang, skerp stuk gerookte glas. óHou dit tussen jou duim en jou voorvinger vas,ô sê sy. Sy vra nog waar my broer is, toe staan hy in die deur. Sy gee vir hom ook glas. Sy hurk en maak haar arms oop. Ons staan nader. óWeet julle dan nie?ô fluister sy en lag. óDie sonsverduistering. Dis amper hier. Die gerookte glas is om deur te kyk. Anders is die son te skerp. As julle mooi kyk, sal julle sien ...ô sy skuif haar een hand met blink ringe oor haar ander hand é hoe die maan se skaduwee oor die son gly.ô Ons wou so naby aan die son kom as wat ons kon. Ons klim die perkeboom en gaan sit op die dak. Op die nok van die dak. Die wind druis in ons ore. In die agtertuin skel die hoenders en waai teen die draad vas en die kwepers val soos hael. In die voortuin vlieg die blomme weg.

* * *

GERTIE: En hoe maak u nou weer die keuse? Ek bedoel tussen u moeder en tant Hannie, as ek haar so mag noem?

KONSTABEL: Sekerlik, Juffrou. Dit is die stem. Dit hang alles van die stem af.

GERTIE: Werklik? Hoe interessant. *(Kort stilte)* Sal u my asseblief tog so ôn ietsie van hierdie tant Hannie vertel?

KONSTABEL: Sy is nooit getroud nie. Sy was beeldskoon, maar veels te kieskeurig.

GERTIE: My aarde. Ons klink nogal baie eenders. *(Skaam laggie)* Ek is ook glad nie te onaardig nie. *(Kort stilte)* Kan u vir my nog so ôn ietsie vertel?

KONSTABEL: Sy was veral bekend vir haar hare. Lang, goue, golwende hare.

GERTIE: *(raak aan haar yl haartjies)* Merkwaardig! Dit is presies hoe my hare lyk.

KONSTABEL: *(bly)* Werklik?

GERTIE: Ja. Net so! *(Kort stilte)* Vertel nog. Asseblief.

KONSTABEL: Sy was lank en slank ... en soepel.

GERTIE: *(byna skril van opgewondenheid)* Net soos ek! Dis al die oefening. Dit hou my fiks!

KONSTABEL: Ek het baie gekyk hoe die grootmense dans. En sy kon dans. Niemand kon soos sy dans nie.

GERTIE: *(baie opgewonde)* Net so! *(Spring op)* Ek is die voorste danser in ons kontrei.

17.6 Herlees reëls 9ï 10.

Aan watter ander verskyning vroeër in die drama herinner dié verskyning? Is hierdie ander verskyning noodsaaklik vir die verloop van die drama? Motiveer jou antwoord. (2)

17.7 Waarom is die sonsverduistering ook ôn verwysing na die blindheid van die vroue? (1)

17.8 Herlees reëls 18ï 21.

Noem die stemming wat deur dié verwysings na die wind geskep word. Hoekom pas dié stemming by die res van die drama? (2)

17.9 Herlees reëls 22ï 23.

Watter karaktereienskap van Gertie word deur die woorde in reëls 22ï 23 bevestig? Waarom kan dié karaktereienskap tot haar voordeel strek? (2)

17.10 Herlees reëls 37ï 38.

Wat suggereer Konstabel met sy antwoord in reël 37? Wat is na jou mening die rede vir die kort stilte wat volg na Gertie se woorde in reël 38? (2)

17.11 Herlees reëls 44ï 45

Hierdie is die derde leuen wat Gertie in TEKS L vertel. Noem nog EEN ander leuen wat sy later in die drama vertel het toe Miem kom nagsê het. (1)

17.12 Watter funksie verrig Miem se huis aan die begin van die drama vir Gertie? Waarom kan dié huis as ôn skynbare teenstrydigheid (paradoks) in die bevryding van Gertie gesien word? Is daar ôn ooreenkoms tussen Gertie se ervaring in TEKS L met Meisie sôn in TEKS K? Motiveer jou antwoord. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**